## NASIENRIGLYNE

1. As 'n kandidaat meer as die verlangde getal vrae gedoen het, word net die eerste antwoord/respons nagesien. **(Die kandidate mag nie die opstelvraag en die kontekstuele vraag oor dieselfde genre beantwoord nie.)**
2. As 'n kandidaat in AFDELING A al vier vrae oor die gesiene gedigte beantwoord het, word die eerste twee gedigte se antwoorde nagesien.
3. As 'n kandidaat in AFDELING B en C twee kontekstuele vrae of twee literêre opstelle beantwoord het, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord word geïgnoreer. As 'n kandidaat al vier die vrae in AFDELING B en C beantwoord het, word die eerste antwoord in elke afdeling nagesien mits een kontekstuele vraag en een opstelvraag beantwoord is.
4. As 'n kandidaat twee antwoorde gee en die eerste antwoord is verkeerd, maar die tweede antwoord is reg, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord word geïgnoreer.
5. As antwoorde verkeerd genommer is, word die antwoorde volgens die memorandum nagesien.
6. As 'n spelfout die betekenis van die antwoord beïnvloed, word dit verkeerd gemerk. As die spelfout nie die betekenis van die antwoord beïnvloed nie, word dit as korrek beskou.
7. *Literêre opstel*
   As die opstel korter as die verlangde lengte is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie omdat hy/sy, hom-/haarself gepenaliseer het. As die opstel te lank is, assesseer dit op meriete en bespreek dit met die senior nasiener. Die memorandum is slegs 'n riglyn, daarom moet ander relevante inhoud as korrek beskou word. Gebruik die aangehegte rubrieke om die literêre opstelle na te sien.
8. *Kontekstuele vrae*
   As 'n kandidaat nie aanhalingstekens gebruik waar 'n vraag dit vereis nie, word die kandidaat nie gepenaliseer nie.
9. Vir oop vrae word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering moet oorweeg word.
10. Geen punte word vir WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING toegeken nie. Die rede/motivering/bewys verdien die punt.

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
2014 -11- 21
PRIVATE BAG X 110
PRETORIA 0001
PUBLIC EXAMINATIONS

## AFDELING A: GEDIGTE

### VRAAG 1: LITERÊRE OPSTEL

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte **ASSESSERINGSRUBRIEK VIR DIE LITERÊRE OPSTEL: POËSIE** nagesien.

EDUCATION
2014 -11- 21
PRIVATE BAG X 110
PRETORIA 0001

**LET WEL:**

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.
- Die kandidaat hoef nie aanhalings te gee nie, maar moet wel uit die teks motiveer.

| KODE |
|---|

| | |
|---|---|
| **I** – Ironie | **I** – Inhoud |
| **K** - Kontras | **S** – Struktuur |

Die kandidaat voorsien die literêre opstel van 'n gepaste inleiding, bv.

- Deur ironie en kontras geslaagd aan te wend, word die lewe van die mens duidelik uitgebeeld.

- **Daar kom ironie in die titel voor aangesien die titel die verwagting van 'n graf/*grave* skep,** maar die gedig handel oor die geboorte van beauty/'n dogtertjie./Bv. *"last grave at dimbaza"* teenoor versreël 1: *beauty douglas was born*
- **Daar kom ironie in die herhaling van reëls 1, 34 en 35 voor**. Die vreugde oor die geboorte van die kind is van korte duur, want in die slotstrofe word die skokaankondiging oor die dood van dieselfde kind gemaak./Bv. versreël 1, 34–35: *beauty douglas was born ... "beauty douglas was born she died"*
- In **die naam wat aan die dogtertjie gegee word, kom geslaagde ironie voor**. Daar is geen mooiheid omtrent die tragiese verhaal van hierdie dogtertjie nie./Bv. versreël 1: *beauty douglas*
- **Die geboorte van die dogter het die potensiaal om tot rykdom vir die gesin te lei, want die pa sal later 'n bruidskat vir haar betaal kan word.** Die dogtertjie sterf egter en die rykdom word nie werklikheid nie./Bv. versreël 7–8: *oplaas 'n dogter om beeste te kry om die wêreld te wei/versreël 16: o my man ek het beeste gebaar*
- **Die pa se moegheid is saans na harde werk in die myne weggeneem wanneer hy van sy dogtertjie droom, maar sy was reeds dood toe die brief hom bereik het**, die moontlike drome wat hy vir sy kind in die vooruitsig gestel het, kan nie werklikheid word nie omdat sy toe reeds gesterf het./sy moegheid kan nie meer deur die drome van sy dogtertjie weggeneem word nie./versreël 30–31: *saans as hy sy moegheid streel het hy gedroom van sy meisiekind*
- **Die negatiewe aankondiging van die kind se dood, het op 'n sonskynmiddag,** die tyd wat met positiewe gedagtes verbind word, daar aangekom./Bv. versreël 32–33: *op 'n sonskynmiddag twee maande later het 'n brief uit mnxesha hom teruggevind: ... "she died"*
- **Die pa is die vreugde om met die geboorte van sy kind by te wees, ontneem, want hy moes die blye boodskap na die gebeurtenis deur middel van 'n brief verneem**, aangesien die werksgeleenthede in die stede was./Apartheid het gesinne verdeel en van mekaar verwyder./Bv. versreël 11–12: *Die ma het 'n briefie geskryf aan haar man op die myne*
- **Die arm omstandighede kontrasteer met die sterre wat soos goud skyn.**/Bv. versreël 4: *en koerante kaal klip*, versreël 18: *met sterre soos goud.*

- **Terwyl die ma omring is met mense tydens die geboorteproses is die man weg van sy familie op die myne.**/Bv. versreël 6: *en tien ander gesiggies*, versreël 12: *aan haar man op die myne.*
- **Grave kontrasteer met born,** want die titel kontrasteer met die geboorte van die dogtertjie wat in die gedig beskryf word./Bv. *"last grave at dimbaza",* versreël 1: *beauty douglas was born.*
- **Die positiewe gebeur in die nag (in die donker) terwyl die negatiewe in die dag (lig) gebeur.**/Bv. versreël 1–2: *was born op 'n wintersnag.* versreël 32: *Op 'n sonskynmiddag twee maande later ...*
- In die gedig is daar sprake van 'n **kontrasterende stemming,** want 'n **vreugdevolle stemming heers met die geboorte van die dogtertjie** terwyl die wintersnag verlate is/die slotstrofe op die hartseer van die dogtertjie se dood dui. /Bv. versreël 2: *op 'n wintersnag so all forlorn*

Die kandidaat voorsien die opstel van 'n gepaste slot, bv.
Die kontras en ironie lig baie duidelik die verhaal van die dogtertjie/gesin uit.

**10**

**OF**

## VRAAG 2: KONTEKSTUELE VRAAG Een sprong vir ... – Joan Hambidge

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
2014 -11- 21
PRIVATE BAG X 110
PRETORIA 0001
PUBLIC EXAMINATIONS

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 2.1 | Kwatryn √ | 1 |
| 2.2 | "Jy wil weet"/"want jy het my die maan" √ | 1 |
| 2.3 | "want" √ | 1 |
| 2.4 | Hiperbool/oordrywing √<br><br>EN<br><br>Die geliefde/aangesprokene het verreikende beloftes (wat nie nagekom kan word nie) aan die spreker gemaak./<br>Hy/sy het hom/haar alles belowe. √<br><br>In versreël 19–20 kom die spreker tot die insig dat dié beloftes nie meer nagekom kan word nie. √<br><br>OF<br><br>Die spreker het <u>agtergekom</u> dat die <u>verreikende beloftes</u> <u>nie nagekom</u> word nie. √√ | 1<br><br><br><br>1<br><br><br>1<br><br><br><br>2 |
| 2.5 | "die maan is hier" √ | 1 |
| 2.6 | Sinisme/ontnugtering/teleurstelling/teneergedruk/verwerping/hartseer/woede √<br><br>*Die woorde moet op 'n negatiewe emosie dui.* | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 2.7 | Ja, die gedig se uiterlike vorm lyk soos 'n vuurpyl (wat by die maanmotief aansluit)/dui die reis na die maan en terug aan. √<br><br>"jy stuur my na die maan"/"(à la) Neil Armstrong"√ | 1<br><br>1 |
| | | **10** |

**OF**

**VRAAG 3: KONTEKSTUELE VRAAG Nuus uit die binneland – Peter Blum**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 3.1.1 | "soms in die winter as die reën sag stuif" √ | 1 |
| 3.1.2 | 'n Rustige/dromerige/onwerklike/kalmerende/nostalgiese stemming √<br><br>"drome"/"onwerklikheid"/"kalmeer"/"versink" √<br><br>*Die kandidaat kan nie 'n negatiewe stemming aanbied nie.* | 1<br><br>1 |
| 3.2 | Die onwerklikheid gryp die spreker/leser./<br>Die spreker roep herinneringe op. √ | 1 |
| 3.3.1 | Onbekende persone/Mense wat na Holland/Engeland/Europa /die beskawing/leefstyl van Holland/Engeland/Europa verlang/Bolanders/Suid-Afrikaners/mense uit Afrika. √ | 1 |
| 3.3.2 | "ons" √ | 1 |
| 3.4 | Die spreker gee hom/haar oor aan die Hollandse droom/styl/leefwêreld./<br>Die spreker is bewus van verbygaande tyd wat hulle altyd weer insluk./<br>Die spreker word weggevoer. √ | 1 |
| 3.5 | Vergelyking/metafoor √<br><br>EN<br><br>Ja, dit is geregverdig. Wanneer die wind in Afrika waai, lyk die mense soos miere wat in alle rigtings skarrel om van die wind weg te kom./<br>As die bergwinde waai, is daar nie vir jou skuiling nie en dan lyk almal soos miere wat in alle rigtings beweeg. √ | 2 |
| 3.6 | Die leesteken beklemtoon die gevolgtrekking waartoe die spreker gekom het./<br>Die leesteken beklemtoon die daaropvolgende twee versreëls./<br>Beklemtoon die insig/kern van die gedig./<br>Lei die hoogtepunt in. √ | 1 |
| | | **10** |

**OF**

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
20[illegible] -11- 21

## VRAAG 4: KONTEKSTUELE VRAAG Vroegherfs – NP van Wyk Louw

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 4.1.1 | "tot selfs die traagstes" √<br><br>*Skei die feit van die onvermydelike natuurveranderings van die onstuitbaarheid van die proses (konteks).* | 1 |
| 4.1.2 | "die eerste blare val" √ | 1 |
| 4.2 | Personifikasie √ | 1 |
| 4.3 | "O Heer (laat hierdie dae heilig word)" √ | 1 |
| 4.4. | "sieraad"/"pronk" √ | 1 |
| 4.5.1 | Dit plaas die woord *stort* in 'n rymposisie/voorregsposisie./vir beklemtoning./<br>Die dringendheid word visueel voorgestel./<br>Die woord "laat" word eerste geplaas en so word die wens eerste gestel. √ | 1 |
| 4.5.2 | Dit is noodsaaklik dat elke mens deur die stropingsproses gaan./<br>Die stropingsproses moet noodwendig 'n kragdadige proses wees. √ | 1 |
| 4.6 | Die mens moet geestelik groei./Die mens moet gestroop word van pronk/sieraad/waan/dit wat geestelike groei belemmer. √<br><br>Ja, want dit waarmee die spreker hier worstel, is maar dieselfde grootworddinge waarmee ons sukkel.<br><br>OF<br><br>Nee, want die konteks waarin tieners grootword, verskil hemelsbreed./<br>Die agtergrond van die gedig het niks te make met tieners van vandag nie. √<br><br>EN<br><br>*Die kandidaat gee sy eie geskikte boodskap binne konteks, bv.* Dit is belangrik om die regte prioriteite in jou lewe te hê as jy 'n sukses van jou lewe wil maak.<br><br>*Indien die kandidaat Nee aanbied,moet sy boodskap steeds by sy Nee-motivering pas.* | 1<br><br><br><br><br><br>1<br><br><br>1 |
| | | 10 |

**EN**

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
2014 -11- 21
PRIVATE BAG X 110
PRETORIA 0001
PUBLIC EXAMINATIONS

**VRAAG 5: KONTEKSTUELE VRAAG Nelson Mandela – Johann Lodewyk Marais**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 5.1 | Gebroke rym √ | 1 |
| 5.2 | Die leser verwag dat die gedig oor Nelson Mandela gaan handel/'n politiese gedig gaan wees.√<br><br>Ja, die spreker vertel van Mandela se lewe en koppigheid./die gedig is 'n huldeblyk van Nelson Mandela se lewe./die spreker toon sy nederigheid teenoor Mandela. √<br><br>OF<br><br>Nee, die gedig handel oor die lewe van Nelson Mandela (terwyl 'n politiese gedig verwag is). √<br><br>*Kandidaat kan nie nee as 'n antwoord aanbied nie.* | 1<br><br>1 |
| 5.3 | Nederigheid/diensbaarheid/onderdanigheid/respek √<br><br>*Die kandidaat moet 'n antwoord aanbied wat op sy ingesteldheid binne konteks dui.* | 1 |
| 5.4 | (Na) kindertyd/babatyd/Sy eerste tree as politikus. √ | 1 |
| 5.5 | Die *hulle* word verder omskryf/hy wou sy mense (se aandeel) uithef./Dui die parentese aan. √ | 1 |
| 5.6 | Donker – lig √<br><br>Nelson Mandela is in die tronk (donker) en word later vrygelaat (lig)./ Apartheid – post-apartheid √ | 1<br><br>1 |
| 5.7 | Ja. Hierdie gedig handel oor die versoenende rol wat Nelson Mandela in ons land gespeel het./Goeie dinge kom na die swaarkry. √<br><br>"Toe u uit die donker kom na die lig het u met ons nasie 'n band gesmee"/"het u met ons nasie 'n band gesmee" √<br><br>*Let asseblief daarop dat die vraagstelling 'n **sin** as aanhaling uit die teks verwag. Onderrig asb.die kandidate in hierdie verband vir die toekoms.*<br><br>OF<br><br>Nee. Hierdie gedig handel eerder oor die een persoon wat versoenend teenoor Nelson Mandela optree en nie die hele samelewing nie. √<br><br>"**Ek** was u voete in hierdie gedig." √<br><br>OF<br><br>Jy moet ander vergewe en aanbeweeg. √<br><br>"Jare lank al weier u om te swig." √<br><br>*Kandidate kan enige soortgelyke antwoord en gepaste aanhaling aanbied.* | 1<br><br>1 |
| | | **10** |

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
2014 -11- 21
PRIVATE BAG X 110
PRETORIA 0001
PUBLIC EXAMINATIONS

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: ROMAN

Beantwoord EEN vraag.

### VRAAG 6: LITERÊRE OPSTEL *Die kwart-voor-sewe-lelie* – Eleanor Baker

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte **ASSESSERINGSRUBRIEK VIR DIE LITERÊRE OPSTEL: ROMAN EN DRAMA** nagesien.

**LET WEL:**

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.
- Die kandidaat hoef nie aanhalings te gee nie, maar moet wel uit die teks motiveer.

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
2014 -11- 21
PRIVATE BAG X 110
PRETORIA 0001
PUBLIC EXAMINATIONS

| KODE |
|---|

| | |
|---|---|
| **O** – Oorsake | **I** – Inhoud |
| **EL** – Elsa | **S** – Struktuur |
| **E** – Engel | |
| **P** – Peter | |

Die kandidaat voorsien die opstel van 'n gepaste inleidingsparagraaf, bv.

- Iris vind die werklikheid nie-akkommoderend, oninteressant en alledaags en soek ontvlugting in haar fantasieë.

- **Iris voel soos 'n buitestander,** want selfs met haar geboorte was haar ma onseker of sy haar hoor skree het./Bl. 1: Niemand het nog ooit regtig na my geluister nie.
- **Iris voel nie welkom nie**, want haar ma beskou haar as anders/'n "glips"./Bl. 9: Die keer is dit 'n donker enetjie/bl.26: Iris was 'n glips.
- **Iris sê dat sy so êrens in die middel** van die ernstige Elsa en die diepsinnige Kara is, want sy voel soos 'n Aspoestertjie./Bl. 5: Ek het dikwels soos Aspoestertjie gevoel ...
- **Iris vereenselwig haarself met die betekenis van haar naam** as Griekse godin in diens van ander gode, want sy voel sy moet altyd regstaan vir ander./Bl. 10: Ek was vernoem na 'n godin ... Iemand wat altyd moes regstaan vir ander belangriker gode.
- **Net soos wat Elsa met Hannes uitgaan, neem Hannes se vriend, Riekie, vir Iris uit** wat in haar fantasie Richard word./Bl. 17: Ek het hom oorgeskryf tot iets meer na my sin.
- **Iris borduur op Elsa en Hannes se troue vir Riekie** (die strooijonker) om tot 'n Fransman, Eduard./Bl. 22: Riekie was vanselfsprekend strooijonker, iets wat my koud gelaat het.
- **Iris droom hoe haar en Eduard se verhouding passievol ontwikkel** terwyl Elsa nugter haar huweliksnag saam met Hannes binnegaan, terwyl./Bl. 23: ... ons paar kosbare nagte van passie.
- **Iris besluit om 'n swangerskap in haar fantasie in te bring,** want Elsa raak met 'n glips swanger./Bl. 28: ... maar in my verhaal sou ek verwagtings, babas en geboorte omskep tot 'n fantasie.
- **Iris skep vir Greta wat swanger** word terwyl Elsa swanger is./Bl. 29: ... hulle bring die nag in mekaar se arms deur.
- **Greta kondig die kraamproses kalm aan** net soos wat Elsa die kraamproses kalm aangekondig het./Bl. 57: ... toe Greta in die deur van die badkamer verskyn en haar aankondiging doen.
- **Peter en Greta het 'n seuntjie,** ***Elsa skenk ook geboorte aan 'n seuntjie.***/Bl. 58: Minute later het die dokter aangekondig dat dit 'n seun was.

Kopiereg voorbehou

- **Greta en Eduard gee hul seuntjie 'n familienaam** net soos wat Elsa en Hannes hul seuntjie 'n familienaam gegee het./Bl. 67: hy kry die familienaam wat nog 'n kraak maak in Eduard se verweer.
- **Peter se geure, klanke en aanraking het haar fantasieë laat verdwyn** want fantasie en werklikheid het nie in Peter se woonstel oorvleuel nie./Bl. 40: Peter was werklikheid
- **Peter dra daartoe by dat die fantasie-karakters begin verdwyn** want haar verbeeldingswêreld raak oorbevolk./Bl.161: Peter was die werklikheid en die Engel het êrens tussen die twee ingepas.
- **Die Engel wat sy opwagting gemaak** veroorsaak dat haar fantasiewêreld oorbevolk raak en dit dra daartoe by dat die fantasie-karakters begin verdwyn./Bl.161: Peter was die werklikheid en die Engel het êrens tussen die twee ingepas.
- **Gesprekke met die Engel bring Iris tot nuwe insigte** want Iris word gedwing om die werklikheid in die gesig te staar./Bl. 187: Die lewe is nie 'n storieboek nie. En 'n naam is net 'n naam.
- **Iris besef sy vir Peter bo die Engel ('n fantasie) sal kies** en weet so dat Peter haar keuse vir 'n lewensmaat is./Bl. 220: Om te moet kies tussen Peter en die voorvadergeeste is geen keuse nie.

Die kandidaat voorsien die opstel van 'n gepaste slot, bv.

- Werklikheid het uiteindelik oor fantasie geseëvier en Iris se dagdrome laat opdroog. Sy besef dat die werklike lewe nooit kan wees soos wat sy dit in haar drome bedink het nie.

**25**

**OF**

**VRAAG 7: KONTEKSTUELE VRAAG *Die kwart-voor-sewe-lelie* – Eleanor Baker**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 7.1 | Die aand van die partytjie in die woonstel./<br>Die aand toe hulle vir die eerste keer seks gehad het./<br>Die aand van hul eerste ontmoeting. √ | 1 |
| 7.2 | Die werklikheid saam met Peter is beter as enige fantasie. √ | 1 |
| 7.3 | Hulle kommunikeer nie goed met mekaar nie. /<br>Hulle kommunikasie was eerlik/opreg/op die man af. √<br><br>Peter stuur vae poskaarte na Iris om haar na Amerika te nooi./<br>Iris en Peter kommunikeer min gedurende die tydperk wat hy in Amerika is./<br>In Vermont luister Peter nie na Iris wanneer sy sê dat haar enkel gebreek is nie./<br>Op Peter se vraag hoe sy die aand van passie beleef het, was sy eerlik./<br>Peter stel Iris onomwonde voor 'n ultimatum. √ | 1<br><br>1 |
| 7.4 | Iris is 'n los/maklike meisie./ongeërg oor seks./'n meisie wat agter mans aanloop/impulsief. √<br><br>Iris het die eerste aand van hul ontmoeting seks met Peter.<br>Tydens hulle eerste ontmoeting by die partytjie tel sy haar handsak op en loop letterlik en figuurlik agter Peter aan.<br>Sy swem kaal saam met hom in die swembad.<br>Sy gaan agter Peter aan Amerika toe.<br>Hulle deel 'n kamer in New York en Vermont. √√<br>Iris gaan sonder meer saam met Joe Pryor.<br><br>*Die kandidaat verskaf TWEE voorbeelde.* | 1 |

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
2014 -11- 21
PRIVATE BAG X 20
PRETORIA 0001
PUBLIC EXAMINATIONS

| | | |
|---|---|---|
| 7.5 | "Ek"/"my" √<br><br>Sy is 'n geloofwaardige verteller wat haar eie storie vertel en egtheid aan die gebeure verleen.<br>Dit is net deur Iris wat die leser haar fantasiewêreld kan beleef.<br>Iris as verteller verrig ook die funksie van fokalisator/verhaalkarakter. √√<br><br>*Die kandidaat verskaf TWEE redes.* | 1<br><br><br><br>2 |
| 7.6 | Iris is mnr. Bruwer se engel. √<br><br>Mnr. Bruwer se verwagting is vervul, want sy hou sy hand letterlik vas./<br>Mnr. Bruwer se verwagting is nie vervul nie, want sy was tydens Peter se besoek nie daar om sy hand vas te hou nie. √<br><br>EN<br><br>Die Engel is Iris se engel. √<br><br>Iris se verwagting is nie vervul nie, want hy sê hy is nie haar "loopring" nie./<br>Hy kan nie keer dat slegte goed met haar of ander gebeur nie./ Hy kan nie die toekoms voorspel nie./<br>Iris se verwagting is vervul, want hy help haar om insig te verkry/ondersteun haar/beskerm haar. √ | 1<br><br><br>1<br><br><br>1<br><br><br>1 |
| 7.7 | Peter is terug Amerika toe.√ | 1 |
| 7.8 | In Teks 1 is hy geïrriteerd met Iris se fantasiewêreld. In Teks 2 aanvaar hy die Engel/is hy gemoedelik teenoor die Engel. √√<br><br>*Die kandidaat moet duidelik aantoon hoe Teks 1 van Teks 2 verskil, dus 2 of 0.* | 2 |
| 7.9 | Sy is nou nog meer eksentriek deur aan te sluit by die groep wat hulle Die Spieël noem /wat glo in reïnkarnasie en spiritualisme/met voorvadergeeste gesels./Sy dink aan haar eie behoeftes en sluit by 'n organisasie aan om haar behoeftes te bevredig./Sy besluit om saam plaas toe te gaan./Sy laat Johanna agter en gaan hou op haar eie huis. √ | 1 |
| 7.10 | Die Engel het nie sy werk as beskermengel gedoen om Peter te beskerm nie./Iris voel dat die Engel die sweisapparaat kon doodblaas. √ | 1 |
| 7.11 | Iris dink aanvanklik dat 'n mens se blomtyd beperk is tot een geleentheid/'n magiese oomblik in jou lewe, √ maar teen die einde van die roman besef sy dat die realiteit van die alledaagse ook 'n blomtyd inhou. √/<br>Iris dink aanvanklik dat sy net een geleentheid gehad het om te blom, √ maar sy besef later dat daar meer as een geleentheid is om te blom en sy raak rustig oor haar lewe. √<br><br>"Dis amper tyd."/"Wees geduldig,"√ | 2<br><br>1 |

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
2014 -11- 21
PRIVATE BAG X 110
PRETORIA 0001
PUBLIC EXAMINATIONS

| | | |
|---|---|---|
| 7.12 | Ja.<br>Sy is tuis in haar ouerhuis, getroud en omring deur almal wat vir haar dierbaar is: Peter, Johanna, die Engel en Polder.<br>Dit is 'n bekende ruimte, daarom voel sy geborge.<br>Sy voel nie meer uitgesluit uit die ruimte soos toe haar susters en ouers nog saam met haar daar geleef het nie.<br>Sy is naby die lelie in die tuin wat haar lewensfilosofie help vorm het.√√<br><br>OF<br><br>Nee.<br>Die ruimte het nie tot haar selfversekerdheid bygedra nie, wel die Engel wat haar gehelp het om tot insig te kom.<br>Iris se reis na Parys en Amerika het haar gedwing om selfstandig te word.<br>Iris het in Vermont die besluit geneem om haar lewe saam met Peter te slyt, dié twyfel is uit die weg geruim of Peter die regte keuse is.<br>Die ruimte het nie bygedra nie, want Iris was deel van 'n gesin wat haar as onbelangrik beskou het, die ruimte herinner haar daaraan. √√<br><br>*Die kandidaat gee sy eie gepaste motivering. Die motivering verdien die punte, twee redes vir twee punte.* | 2 |
| 7.13 | Ja/Die slot is geslaagd, want Iris besef dat elke dag 'n blomtyd bied./die lelie gaan binnekort blom/die werklikheid is beter as die fantasie. √<br><br>OF<br><br>Nee/Die slot is nie geslaagd nie, want Iris wag nog steeds dat die lelie blom./sy word 'n voorstedelike huisvrou. √ | 1 |
| | | **25** |

**OF**

**VRAAG 8: LITERÊRE OPSTEL *Manaka Plek van die Horings* – Pieter Pieterse**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte **ASSESSERINGSRUBRIEK VIR DIE LITERÊRE OPSTEL: ROMAN EN DRAMA** nagesien.

**LET WEL:**

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.
- Die kandidaat hoef nie aanhalings te gee nie, maar moet wel uit die teks motiveer.

**KODE**

| | |
|---|---|
| **B** – Baas | **I** – Inhoud |
| **K** – khuta | **S** – Struktuur |
| **E** – Ouma Essie | |
| **G** – Grace | |
| **W** – Whitey | |

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
2014 -11- 21
PRIVATE BAG X 110
PRETORIA 0001
PUBLIC EXAMINATIONS

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
2014 -11- 21
PRIVATE BAG X 119

Die kandidaat bied 'n gepaste inleidingsparagraaf aan, bv.

- Baas kom as 'n vreemdeling en eenkantmens in Barotseland aan met die doel om in sy oupagrootjie se voetspore terug te loop en ontwikkel in die loop van die verhaal tot 'n sterk, deelnemende karakter.

- **Baas hou hom eenkant,** want hy wil alleen gelaat word./Bl. 43: Sê vir daardie ouma Essie van jou ek is nie gestuur nie en ek is vir seker nie hier om enigiemand te kom help nie.
- **Baas wil nie met die mense van Manaka saamwerk nie,** want hy sê meer as een keer dat hy alleen gelaat wil word./Bl. 93: Ek wil ook nie weet van werksoekers en siek mense en honger mense en weeskinders en kruppel vrouens en sterwendes wat met 'n slee na my toe aangery word nie.
- **Baas is van mening dat hy nie die geselskap van ander mense nodig het nie**, want hy noem dat hy goed sonder geselskap klaarkom en ook nie oor homself wil praat nie./Bl. 137: Ek kom goed klaar sonder geselskap. Kan ons nou oor iets anders praat?
- **Baas wil graag Manaka sy volgende huis/permanente verblyf maak,** want hy onderhandel met die khuta om verblyfreg op Manaka te kry./Bl. 24: Mag die grond wat as Manaka staan, aan mister Baas Chipman toegesê word.
- **Baas verander en raak by die gemeenskap betrokke,** waar hy voorheen buitestander wou wees, want hy help die khuta om pale aan te ry.
- **Baas is verplig om na die gemeenskap en khuta uit te reik en saam met die khuta te werk**, want hulle verwag dit in ruil vir die konsessie wat aan hom toegeken is./Solank die houer van die konsessie gereeld betaal en sy verpligtinge teenoor die stam nakom deur sy lewensmiddele tot die beskikking van die mense te stel ...
- **Die khuta verwag dat Baas die beginsel van Ubuntu sal volg**, want die uitlewing van vrygewigheid en behulpsaamheid word hoog deur die khuta aangeslaan./Bl. 168: Dat die stam ook nou die voordeel van 'n pontboot sal hê, is goed.
- **Ouma Essie leer Baas om te besin/na te dink oor sy rol by Manaka**, want sy vra hom of dit nie sy doel is om dieselfde hulp as die vorige Chipman in Manaka te gee nie./Bl. 234: Wie weet of jy nie met die oog op 'n tyd soos hierdie Manaka toe gestuur is nie? Het ouma Essie gesê. Is dit dalk ook die familiekwaal ...
- **Ouma Essie leer Baas om te besin oor geestelike leierskap,** want sy gee vir Baas die lyfband van muluti Joseph./Bl. 121: Dit is my muluti Joseph se lyfband. 'n Sterk man moet 'n sterk lyfband dra.
- **Baas leer verdraagsaamheid by ouma Essie**, want waar Baas die sendelinge aanvanklik van Manaka wil weghê, help hy nou met die herstelwerk van die sendingkerkie./Bl. 183: Baas en Nanna staan langs mekaar op hulle knieë om die , dekgras oor die kerk se nat vloer te versprei.
- **Baas twyfel in God/worstel met Christenskap,** maar ouma Essie help hom om as Christen te groei/want sy glo Baas is na Manaka gestuur om die mense te kom help en sy weet dat hy 'n Christen is./Dis die Here wat al die opoffering van Baas verwag.
- **Baas neem verantwoordelikheid om na Manaka te kyk** en hy stel ouma Essie gerus dat sy nie bekommerd daaroor hoef te wees nie./Bl. 243: Hy haal muluti Joseph se lyfband af en sit dit onder haar verrimpelde hand op haar bors. "Dankie ouma Essie, " sê hy. "Ek het dit nie meer nodig nie."
- **Onder invloed van ouma Essie groei Baas in sy Christenskap** van iemand wat in jare nie Bybel gelees het nie tot iemand wat 'n gebed by ouma Essie se siekbed doen./Bl. 243: "Dankie, Here. Amen."
- **Baas groei geestelik/leer van prioriteite onder die invloed van Grace**, want sy dwing hom om oor lewe en dood te praat./Bl. 63: En daar behoort 'n beter plek as 'n winkelstoep in Ngwese te wees om oor dinge soos lewe en dood te praat.
- **Baas leer om op te offer en te versorg,** want Grace versorg hom toe hy siek geword het, al jaag hy haar weg./Bl. 93: Laat my toe om in my eie taal duidelik vir jou te sê hoe ek voel: Loop. En bly asseblief van my af weg.

- **Baas leer om onmin op te los,** want Grace sê daar moet oor probleme gepraat word sodat dit opgelos kan word (byvoorbeeld die onmin tussen Baas en die sendelinge)./Bl. 97: Maar daar kan nie meer stilgebly word oor die probleme nie. Dit laat dit net meer word.
- **Baas leer om oor sy naaste te dink**, want Grace stel vrae aan hom oor sy boot se herstel en naastediens./Bl. 63: As die Here daar by Manaka vir jou kom sê het jy gaan nie van hierdie siekte gesond word nie en daar is net één ding wat jy nog kan kies om klaar te maak ... sou jy die boot gekies het?
- **Baas leer van vergifnis van Grace**, want haar ouers is ook vermoor en sy leef nie in bitterheid nie/bevraagteken nie haar godsdiens nie.
- **Baas leer om te verander** en by die Afrika-kultuur in te skakel en die gebruike te respekteer./Bl. 98: "'n Man loop voor in die pad, sy vrou agter, want 'n man is die meerdere van 'n vrou," sê Grace.
- **Baas leer om ander mense te vertrou**, sy vertroue in Grace groei./Dit is duidelik dat Baas al nader aan Grace beweeg, want hy vertel haar van sy oupagrootjie./Bl. 127: Ek sal jou 'n storie vertel.
- **Baas aanvaar sy geroepenheid** (met Grace se hulp) om op Manaka te bly want toe hy moedeloos is omdat die khuta sy konsessie wil verhoog, herinner sy hom aan sy weddenskap./Bl. 180: Ek gaan nie weg nie. Nog nie.
- **Baas ontwikkel as Christen,** want dit is by Grace wat Baas die antwoord op sy kwelvraag, wat maak jou 'n Christen, kry./Bl. 228: Die weet waar ek heengaan hier, en in die lewe hierna.
- **Hy leer om die toekoms te vertrou en sy lewe met 'n vrou te deel** want hy en Grace stap saam om die boot te gaan haal, wat 'n suggestie inhou dat hulle die toekoms saam instap./Bl. 246 Hulle loop agter mekaar in 'n olifantpad teen die rivier af om na die boot, wat in 'n baie ou kanaal vasgespoel het, te gaan soek.
- **Baas leer om mense te help**, mnr. Whitey verduidelik aan Baas dat hy graag help sonder om iets terug te verwag, want dit is in die Chipman-gene./Bl. 178: "Ek help mense omdat ek daarvan hou, nie omdat ek iets terug verwag nie," verduidelik Whitey, "dis 'n familiekwaal."
- **Baas is nie 'n buitestander/sonder familie op Manaka nie,** want hy leer meer by Whitey van sy oupagrootjie en ontdek dat hulle familie is./Bl. 225: Hierdie Whitey-Whitey is 'n bynaam, oor ek so bietjie off-colour is. Baas Dennis. Dis wie ek is.
- **Baas leer om met familie te deel,** want Baas gee sy oupagrootjie se Bybeltjie vir Whitey, die eerste persoon met wie hy die evangelie deel./Bl.226: Baas gee vir hom die Bybel. "Vat dit vir jou. Ek het nog een," sê hy.
- **Baas aanvaar sy verantwoordelikheid om op Manaka aan te bly** as versorger, alhoewel Baas niks daarvan wou weet dat hy Manaka toe gestuur is nie en sê dat hy op sy eie daar is,./Bl. 210: Hy kerf nog 'n naam onder sy oupagrootjie in die sagte bas uit: Baas Chipman.
- **Baas aanvar sy tuiskoms in Barotseland,** want hy spyker die buffel, Morena, se horings by Manaka se naambord vas./Bl. 244: By sy kamp dra Baas Morena se horings teen die bult uit en slaan dit bokant Manaka se naambord teen die stutpaal vas.

Die kandidaat bied 'n gepaste slotparagraaf aan, bv.

- Soos wat die bougainvillea van 'n dooie stomp tot 'n struik wat trosse blomme dra, groei, so groei en ontwikkel Baas se karakter en Christelike meelewing in Barotseland wat hy uiteindelik as sy permanente woonplek aanvaar.

**25**

**OF**

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
2014 -11- 21
PRIVATE BAG X 110
PRETORIA 0001
PUBLIC EXAMINATIONS

DEPARTMENT OF BASIC

**VRAAG 9: KONTEKSTUELE VRAAG *Manaka Plek van Horings* – Pieter Pieterse**

| | | |
|---|---|---|
| 9.1 | Die khuta verwag van Baas om vir hulle 'n aandeel in die vleis wat hy verkoop te gee./Baas moet meer vir die besigheidsregte betaal/om hulle met vleis en geld te help./Die khuta verwag van Baas om ook aan hulle kos te verskaf. √ | 1 |
| 9.2 | Die band tussen hulle raak sterker./<br>Baas vertrou vir Grace met sy drome. √ | 1 |
| 9.3 | Hy sit die goeie werk wat sy Oupa gedoen het, voort.<br>Hy het 'n pontboot gebou.<br>Baas het die sendingstasie help herbou. √√ | 2 |
| 9.4 | Baas./Die Skoenlappervanger √<br><br>Hy is nie die baas op Manaka nie, die khuta is die baas./Baas wil nie die leier wees nie, maar hy word Baas genoem./Hy was nie suksesvol om skoenlappers te vang nie. √ | 1<br><br>1 |
| 9.5.1 | Dit was sy pa se troetelnaam vir sy ma. √ | 1 |
| 9.5.2 | Grace versorg vir Baas toe hy siek word./<br>Sy tree as versorger vir Ouma Essie op./<br>Sy help die sendelinge op Manaka. √ | 1 |
| 9.6 | Die verteller is nie gebonde aan tyd of plek nie. √<br>Hy kan van die oupagrootjie tot by Baas se lewensverhaal vertel. √<br><br>Die verteller is vertroud met alle gebeure/alwetend./Die verteller is objektief. √<br>Die verteller weet van Chisupo wat die boot losgemaak het. √<br><br>*Die kandidaat kan enige karakter se objektiewe beskrywing as motivering aanbied.*<br>*Die kandidaat gee by enige TWEE kenmerke 'n geskikte motivering uit die roman.* | 4 |
| 9.7 | Baas help die mense op Manaka ten koste van homself (bv. malaria-pille wat hy gee/vleis wat hy verskaf). √ | 1 |
| 9.8 | Hy is per dagvaarding ontbied/<br>Hy is met die hoek van 'n koevert/'n stuk papier ontbied √<br><br>Hy weier om enigiets by die vergadering te sê. √<br>Hy loop weg. √ | 3 |
| 9.9 | Hy het niks meer geld in sy rekening nie.<br>Die rivier is aan die styg en sy boot word bedreig.<br>Sy honde is siek by die huis.<br>Die khuta het 'n deel van sy grond vir die sendelinge gegee. √√√<br><br>*Die kandidaat kan enige DRIE noem.* | 3 |
| 9.10 | Hy moes argumente aanbied om sy saak te versterk./Hulle het na argumente en teenargumente (wat dae lank kon duur) uitgesien./<br>Hy moet toegee aan hul eise/R500 betaal vir die onderste gedeelte van Manaka./'n deel van sy boot/bosslaghuis aan hulle betaal.√ | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 9.11.1 | In Teks 1 klap sy verskonend hande/wil sy nie hê Baas moet kwaad word vir die boodskap wat sy van die khuta bring nie √ en by die khuta klap sy uit respek/moet sy aantoon dat sy die khuta respekteer/is dit die stamgebruik om hande te klap. √<br><br>*Die kandidaat verdien 2 of 0* | 2 |
| 9.11.2 | Sy is kwaad/doen dit uit protes/respekteer nie die khuta nie. √ | 1 |
| 9.12 | Baas, jy is met 'n doel na Manaka gestuur./Baas, as jy weggaan, sal die sendelinge ook moet gaan. √<br><br>*Die kandidaat kan soortgelyke antwoorde aanbied.* | 1 |
| 9.13 | Die khuta is nie ryk nie/afhanklik van konsessies. √ | 1 |
| | | **25** |

**OF**

**VRAAG 10: LITERÊRE OPSTEL *Vatmaar* – AHM Scholtz**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte **ASSESSERINGSRUBRIEK VIR DIE LITERÊRE OPSTEL: ROMAN EN DRAMA** nagesien.

**LET WEL:**
- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.
- Die kandidaat hoef nie aanhalings te gee nie, maar moet wel uit die teks motiveer.

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
2014 -11- 21
PRIVATE BAG X 110
PRETORIA 0001
PUBLIC EXAMINATIONS

**KODE**

**B** – Besitting en besitreg
**K** – Kontras
**O** – Ooreenkoms

**I** – Inhoud
**S** – Struktuur

Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan, bv.
- Die woord "vatmaar" is 'n aanduiding van die gemeenskap se ingesteldheid ten opsigte van ander se besittings en wat diefstal is of nie. Dit is egter nie net Vatmaar se gemeenskap wat hul hieraan skuldig maak nie, maar ook die Britte en die Boere.

- **Oom Chai en Corporal Lewis het die buit uit die Boerehuise gevat,** want dit sou in alle geval in vlamme opgegaan het en vernietig gewees het./Bl. 7: En voor die wa vertrek het, moes ons, die boys, die plaashuis aan die brand steek.
- **Die boumateriaal wat uit die plaashuise verwyder is, is as "vatmaar-goed" beskou,** want dit is reeds deur die Britse soldate en nie Oom Chai-hulle nie, afgevat./Bl. 9: ... soos wat die orders van die Queen gesê het.
- **Die boumateriaal wat uit die plaashuise verwyder is, is as "vatmaar-goed" beskou,** want dit het vir 'n groepie arm mense iets gegee om 'n bestaan mee te maak./Bl. 21: Toe het hulle hulle se goed gevat na wat hulle hulle se erwe genoem het.
- **Hulle het die gebruik/neem van ander se goed nie gesien as steel nie**, want hulle het dit net gedeel/vir 'n wyle geneem./Bl. 3: Ons kon nooit weerstaan om 'n draai met anderman se bicycle te ry nie.

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION

- **Tommy Lewis vat eenvoudig Nellie se maagdelikheid van haar weg**, want hy het haar net gebruik vir sy plesier en wou nie verantwoordelikheid aanvaar nie./Bl. 116: ... en lat hy met my kan doen net wat hy wil, .../Bl. 117: Then you can say that he did it to you.
- **Anna de Bruin eien Kaatjie as haar besitting**, want sy gee haar aan Mevrou Bosman as kinderopasser./Bl. 135: Dit was die volgende Maandag wat Anna de Bruin vir Tant Wonnie gesê het sy vat vir Kaatjie saam met haar Du Toitspan toe.
- **Boere het die werkers as hul eiendom beskou** soos wat Piet de Bruin vir Onie-as as sy eiendom beskou het./Bl. 137: Want die baas het van hom verwag om soos 'n dier stil te staan.
- **Die briewe van Kenny is teruggehou** want mevrou Bosman het haar die reg toegeëien om dit te doen./Bl. 250: Sy het die brief gevat, dit in twee geskeur en in die stoof gegooi.
- **Mevrou Bosman het haar die reg toegeëien** om Kaatjie se baba te laat aborteer./Bl. 252: Dis 'n jong meisie. Ek sal haar sê ...
- **Piet de Bruin eien hom seksuele gunsies van Tant Wonnie toe.**/Bl. 135: Maar toe ek sien trek hy sy kruisbande van sy skouers af.
- **Met Tant Wonnie se terugkeer na haar huis na Sannah Vosloo se dood was al haar besittings uit haar huis gevat,** want Vatmaar se mense het nie respek vir ander se besittings gehad nie./Bl. 136: Al die maande wat hulle weg was, was daar niemand om agter hulle buitekamer te kyk nie. ... Alles wat binne was, was geplunder.
- **Bennie O'Grady het skape gesteel,** want hy het 'n swakheid vir vleis gehad./Bl. 167: Op 'n reëndag het hy weer 'n skaap uit 'n boer se kraal gesteel.
- **Reverend Cobb het oom Hendruk se Sondagpak gedra, sy sakhorlosie gevat en met sy fiets gaan huisbesoek doen**, want oom Hendruk was in die tronk vir onwettige diamantbesit en het vir die predikant gesê waar sy huissleutel is./Bl. 177: Ek het Oom Hendruk toe die sleutels van sy kamer gevra sodat ek sy goed na die pastorie kan neem tot ons mekaar weer sien.
- **Johnny September steel sy vrou se ring,** want hy wil dit verkoop om geld te kry./Bl. 188: So hy is die dief wat die trouring gesteel en verkoop het.
- **Die Septembers eien Tant Wonnie se gemmerbier vir hul toe**, want hul vra net 'n slukkie, maar drink die hele bottel leeg en gooi dit weg./Bl. 189: ... kan my Settie 'n bietjie gemmerbier kry? ... Sy het die bottel omtrent halfleeg gedrink ... Hy het die res in sy keel afgegooi ...
- **Boitjie eis Bettie en oom Chai se besittings op**, want hy weet Oom Chai is 'n vermoënde man./Bl. 282: Hy het met sy gat in die botter geval.
- **Brittanje wou die Zuid-Afrikaansche Republiek annekseer,** want die Republiek het die rykste goudriwwe ter wêreld gehad./Bl. 14: South Africa is now part of the British Empire.
- **Die Britte het plaaswonings en plase vernietig en afgebrand**, want hulle kon nie konvensionele oorlogstegnieke teen die Boere gebruik nie./Bl.197: Die Rooinekke kon nie by die Boere kers vashou as dit by skiet kom nie. Die Engelse het dus die Boere se plase afgebrand ...
- **Die Griekwas het hulle kultuur verloor**, want die Engelse het hulle gekersten en verwesters./Bl. 93: ... ons geleer om ons toe te maak ...
- **Die Engelse het eers by die Griekwas gesteel en toe tronkstraf ingebring**, want hulle wou hulle leer om nie te steel nie./Bl. 93: ... het hulle ons geleer ons mag nie steel nie – na hul ons eers van steel geleer het.
- **'n Treinwatertenk word deur Ta Vuurmaak vir hom toegeëien**, want die Boere het 'n Britse treinwatertenk vol gate geskiet./Bl. 10: ... die groot treinwatertenk ... wat die Boere vol gate geskiet het?
- **Van die Boere het die grond en besittings wat aan die Griekwas behoort, geneem,** want hulle wou die beste hê en het die Griekwa nie as mense beskou nie./Bl. 9: Toe het hy die beste weiding in die land begin vat ... Ons is nie mense nie, het die witmense gesê.
- **Die Boere se aanvanklike toe-eiening van plaasgrond en stigting van Boere-republieke kan ook as 'n vorm van "vatmaar" gesien word**, want nie almal het die grond van die oorspronklike swart bewoners gekoop nie./Bl. 91: ... het diep die veld ingery en sommer net gevat wat hulle wou sonder om enigiets in ruil te gee

- **Al drie die partye het eenvoudig besittings vir hulle toegeëien** sonder om aan die gevolge vir die ander party te dink./Vatmaar se mense wat Tant Wonnie in uiterste armoede laat nadat hul haar besteel het; die Britte het die vroue en kinders eenvoudig na konsentrasiekampe gevat en in haglike omstandighede laat leef en die Boere het die Boesmans se land eenvoudig gevat sonder om te dink wat van hulle daarna moet word.
- **Al drie die partye het 'n ander skade berokken**, bv. die Septembers berokken Tant Wonnie skade; die Britte berokken die Boere skade deur hul plase te neem en die Boere berokken die Griekwas skade deur hul vee eenvoudig te vat.
- **Vatmaar se gemeenskap se toe-eiening is heelwat minder** skadelik as die manier waarop beide Boer en Brit hul aan beslaglegging van o.a. diamantvelde deur Brittanje; buiting van vee deur beide Boer en Brit; uitbuiting van vroue en kinders in Britse konsentrasiekampe en verowering van land deur beide skuldig gemaak het.

Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan, bv.

- Dus word duidelik gesien dat dit nie net Vatmaar se gemeenskap is wat hul aan toe-eiening skuldig maak nie, maar ook die Britte en die Boere met veel meer verreikende gevolge.

**25**

**OF**

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
2014 -11- 21
PRIVATE BAG X 110
PRETORIA 0001

**VRAAG 11:** ***Vatmaar*** **– AHM Scholtz**

**KONTEKSTUELE VRAAG**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 11.1 | Die Queen verklaar oorlog teen die Boere en oom Lewies en oom Chai het vir die Queen geveg./<br>Tydens die Britte/Queen se oorlog teen die Boere (die Anglo Boere-oorlog) was hulle aan die Queen se kant./<br>Tydens die oorlog was oom Lewies 'n korporaal vir die Britte/in die Queen se weermag en Oom Chai was een van die Queen se Cape-boys.√ | 1 |
| 11.2 | Mnr. Walker het aan Oom Chai werk by die landmeter gegee EN George Lewies het die plan van Oom Chai aan kaptein Walker oorgedra./<br>George Lewies het gesorg dat die saak van 'n nedersetting op die agenda geplaas word. √√ | 2 |
| 11.3 | Teen 'n politieke/historiese/sosio-maatskaplike agtergrond./Teen die agtergrond van bruinmense in Suid-Afrika se belewing in 'n nedersetting./Vatmaar se arm, eenvoudige, ongeslypte mense./mense wat na die Anglo-Boereoorlog in een nedersetting saamgesnoer is./werkloos is.<br><br>*Die kandidaat kan een of twee antwoorde aanbied solank die kandidaat drie antwoorde in totaal aanbied vir EEN punt elk.*<br><br>Ja/Nee (*verdien geen punt nie)*<br><br>Apartheidswandade het hieruit voortgespruit.<br>Die mense van Vatmaar is nie as witmense se gelyke gesien nie.<br>Die mense van Vatmaar was arm/het 'n sosiaal-maatskaplike agterstand beleef.<br><br>*Die kandidaat kan een of twee antwoorde aanbied solank die kandidaat drie antwoorde in totaal aanbied vir EEN punt elk.* | 3 |

| | | |
|---|---|---|
| 11.4 | Die titel suggereer jy neem sonder dat iets aan jou behoort √ en Oom Chai se woorde dui daarop dat George Lewies vir Ruth moet vat (in 'n saamblyverhouding)/sonder dat hulle hoef te trou. √<br><br>*Die kandidaat verdien 2 of 0 punte.* | 2 |
| 11.5 | Hy het vir Ruth se trourok geld gegee, maar gevra niemand moet vir George daarvan sê nie.√ | 1 |
| 11.6 | Hy kan nie in Du Toitspan woon nie. √<br>Liefdeloosheid √ | 2 |
| 11.7 | Oom Chai ken die gebeure die beste aangesien hy deel daarvan was./Dit is geloofwaardig. √ | 1 |
| 11.8 | Hy het sy familienaam in ere herstel./Hy het Bettie se naam in ere herstel./<br>Hy het vir Bettie en haar kind 'n huis gegee. √√<br><br>*Die kandidaat moet TWEE redes aanbied vir een punt elk.*<br><br>Hy maak sy voorkoms jonger (dra nie meer kruisbande nie; knip snorpunte af)/<br>Hy kuier saans saam met die jongmense./<br>Hy is die voorbok by die dansery/hy koop plate en 'n gramophone/ grammofoon. √<br><br>Dit is ironies, want sy huwelik word nie gered nie en hy betaal met sy lewe daarvoor. √ | 2<br><br>1<br><br>1 |
| 11.9 | Ouma Drieka het gesê dat Oom Chai 'n vuilgat is.<br>Die mense van Vatmaar het vir sy nuwe (jonger) voorkoms gelag./<br>Die oumas het hom as 'n *fool* beskou./<br>Hy het sy geesgenote verloor. √√<br><br>*Die kandidaat bied TWEE voorbeelde aan vir EEN punt elk.* | 2 |
| 11.10 | Ruth het uit liefde met George getrou √ teenoor Bettie wat met Oom Chai getrou het omdat hy blykbaar welaf was/'n pa vir haar seun kon wees/sy nie vir 'n tweede keer 'n vrou met 'n slegte reputasie wou wees nie. √<br><br>Ruth se troue sluit aan by die tema van liefde oor die kleurgrens. √ | 2<br><br>1 |
| 11.11 | Hy het 'n sokkerspan gestig wat die inwoners iets gegee het om te doen./sy beeld verbeter het. √<br><br>Kenny het hom help. √<br><br>Kenny het Boitjie die brief wat hy (Kenny) aan die dorpsraad geskryf het, in sy handskrif laat oorskryf./Kenny het vir Boitjie as bestuurder van die span laat teken./Kenny gee advies aan Boitjie om eers die ouers aan sy kant te kry. √ | 1<br><br>1<br><br>1 |
| 11.12 | Bettie wou nie haar hartseer aan die dorpsmense wys nie. √ | 1 |

EDUCATION
2014 -11- 21
PRIVATE BAG X 110
PRETORIA 0001
PUBLIC EXAMINATIONS

**TOTAAL AFDELING B: 25** 25

**EN**

## AFDELING C: DRAMA

Beantwoord EEN vraag.

## VRAAG 12: LITERÊRE OPSTEL *Krismis van Map Jacobs* – Adam Small

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte **ASSESSERINGSRUBRIEK VIR DIE LITERÊRE OPSTEL: ROMAN EN DRAMA** nagesien.

LET WEL:

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.
- Die kandidaat hoef nie aanhalings te gee nie, maar moet wel uit die teks motiveer.

**KODE**

| | |
|---|---|
| **B** – Bendeleier | **I** – Inhoud |
| **T** – Tronk | **S** – Struktuur |
| **P** – Parool | |
| **W** – Werk | |
| **Bl** – Blanchie | |

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
2014 -11- 21
PRIVATE BAG X 110
PRETORIA 0001
PUBLIC EXAMINATIONS

Die kandidaat voorsien die opstel van 'n gepaste inleiding, bv.

- Map Jacobs se naam verander van Johnnie na Map en weer terug na Johnnie, dit getuig van die karakterontwikkeling wat Map ondergaan het.

- **Johnnie is verbitterd** omdat hy ten spyte van sy matriekkwalifikasie nie 'n goeie werk kan kry nie./Bl. 31: 'it was alles vir whites only ...
- **Johnnie Jacobs sluit by bendes aan** omdat hy gevoel het dat hy iewers wil behoort./Bl. 31: 'Cause ek wil somewhere ge-belong het?
- **As bendelid kry Johnnie Jacobs die naam Map** omdat hy vol tatoeëermerke is wat 'n sigbare teken van sy lewe as gewelddadige bendelid en -leier is./Bl. 45: 'Cause hulle kan sién waarvandaan jy kom, jou history is op jou arms, op jou lyf, op jou nek, op jou gesig even ... jou history en jou geography, jou ... alles!
- **In die bende toon Map leierseienskappe** omdat hy die leier van drie bendes was./Bl. 32: Ek was altyd die leader ...
- **Aanvanklik neem Map nie verantwoordelikheid vir sy dade (toestemming verleen) nie** omdat hy verskonings aanbied soos die donker en dat hy slegs toestemming vir roof verleen het./Bl. 33: Daai's al order wat ek gegie het, as die leader ... innie begin, ek mien ...
- **Tydens die verkragting besef Map wie die vroue is en hy tree anders as die bendeleier op** omdat hy vir Ivan Philander van die vroue aftrek./Bl. 34: Die next oomblik was ek op hom, ek het daai oomblik nie gewiet eers wie wás 'it nie. Ek swaai hom net van haar af, ...
- **Map neem verantwoordelikheid vir sy dade** omdat hy na die polisiestasie gaan en homself oorgee./Bl. 35: Ek het myself op-gegie. Ek het getry om 'it ... soes 'n man te vat ...
- **Map dra egter nie die gevolge van sy vorige dade as bendelid en -leier nie** omdat hy hom slegs oorgegee het vir Ivan Philander se dood./Bl.35: Ek het vir Ivan Philander doodgestiek, nou net.

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
2014 -11- 21

- **Map as karakter ontwikkel terwyl hy in die tronk is**, want Apostel George het gehelp dat hy hom bekeer./Bl. 10: Ek en die Apostel, ons bid saam hierso binnekant, hy het die Here vir my gebring ...
- **Map erken/bely dat hy voorheen verkeerd opgetree het** omdat hy teenoor Antie Grootmeisie erken dat Cavernelis reg was in sy oordeel van Map/Bl. 11: Hy't later gedink ek is rubbish, ek wiet. Sê vir hom ek wás rubbish, Ma, maar ek is annerste!
- **Map noem dat Blanchie (en by implikasie die ander karakters) nie meer bang vir hom hoef te wees nie**, want hy het verander (het as karakter ontwikkel) en tree nie meer soos 'n bendeleier/-lid op nie./Bl. 10: ek is 'n anner man, ôldou ek is of course oek nog Map Jacobs ...
- **Map bely dat hy nou bevry is** omdat hy 'n kind van die Here geword het./Bl. 10: Ek het nooit gewiet dit kan só wies nie. Die Here Jesus, Hy maak vir jou werklik vry!
- **Apostel George sê aan Antie Grootmeisie dat Map verander het,** want hy het nou die Here in sy lewe toegelaat./Bl. 28: Missies Jacobs, die Here het jou seun aan jou teruggegee ... Die Here het vir hom gevat en vir hom ge-verander!
- **Map het na sy bekering verander sodat hy weer die seun is wat Antie Grootmeisie geken het,** want hy het die verkeerde in sy lewe afgelê./Bl. 29: Map Jacobs kom huis toe, missies Jacobs, dieselfde Map Jacobs, maar nie dieselfde Map Jacobs nie, want hy is skoon gewas ...
- **Met die terugflitstoneel in die tronk dink Map aan sy en Blanchie se verhouding en hy dink aan die naam Johnnie**, want dit dui op die moontlike terugverlang na die onskuldige dae toe hy nog as Johnnie bekend gestaan het./Bl. 15: Johnnie ... Klink mooi, Johnnie ... Johnnie ...
- **Map lê die lewe van die misdadiger af,** want hy wil die waarheid oor die aand se gebeure vertel sodat hy volkome genade kan ontvang./Bl. 29: lat ek moet ytpraat, om die exact waarheid van daarie aand te vertel, net soes 'it was ...
- **Map het anders as die bendeleier die genade van die Here gevra/beleef**, want Map bely die verkeerde wat hy gedoen het en vra die Here om hom te verander./
Bl. 30: So ek moet sê: Hier is ek, Map Jacobs, skullag is ek, Here, en laag en vuil en vieslik, veranner my, change my, Here! Lord, here am I ... Vat my, en maak moet my soes wat U wil!
- **In die tronk het Map se karakter so ontwikkel dat sy gedrag ten goede verander het** en hy vir parool in aanmerking geneem is./Bl. 9: Sy sê parole is nou due vir my ...
- **Map het ontwikkel na iemand wat verantwoordelikheid vir sy verkeerde dade/besluite neem**, want hy bely teenoor Antie Grootmeisie en vra haar om verskoning./Bl. 45: Ek het my goed gedra, ek was jammer oor alles ...
- **Die verwagting wat gekoester word van wat Map aan die karakters/gemeenskap sal doen wanneer hy vrygelaat is, realiseer ook nie teenoor die Kersorkes/Krismisorkes (bl. 35) nie,** want hy noem dat hy daarop voorbereid is. Die "ou" Map sou teen die persone opgetree het indien hy te na gekom word, hy het dus as karakter ontwikkel./Bl. 46: Ma! Die band net so, Oompie Paulsen-hulle ... even hulle net so, dieselde ... Map Jacobs, obviously, sal die band nou 'n naam gee ...
- **Nadat Map aanvanklik (as Johnnie) voel dat hy te goed is om 'n messenger te wees, verander sy ingesteldheid**, want hy is nou bereid om enige soort werk te doen./Bl. 10: Ek moet 'n werk kry, sy sê sy's besig om vir my yt te vind, ek het gesê vir haar enige soorte werk, 'it maak nie saak wat nie ... Dit maak nie saak nie ... Ek wil net daai kans hê, om te wys ... lat ek 'n annerste man is ...
- **In Map se gesindheid teenoor die werkgewers het hy karakterontwikkeling ondergaan**, want waar hy hulle voorheen as white bastards uitgeskel het, bly hy nou taktvol stil teenoor die werkgewers wat hom nie 'n kans wil gee nie./Bl. 45: maar dan bly ek stil ... banggat wat ek is, dan bly ek stil.
- **Map noem dat hy nie meer die ou is wat Blanchie op skool geken het nie**, want hy het verander./Bl. 46: ek was nie meer die ou wat jy op skool geken het nie, ek het 'n regte vark geword, maar nou, ek het weer ge-change, ek het weer 'n mens geword ...

- **Map kom tot die insig dat hy nie vir Blanchie kan blameer vir die aborsie nie,** want hy is self 'n misdadiger en het nie die reg om te oordeel nie./Bl. 46: jy sê vir my, wie is ekke om te mind, ek is soes niks, soes niets ... soes niks ...
- **Blanchie noem Map op sy oorspronklike naam, Johnnie,** want sy ken hom as die goeie man op wie sy verlief geraak het en hy is weer daar om haar te ondersteun./Bl. 59: Johnnie ... hy word nooit so nie, hy't nog ... nooit ... nog ... so ... Johnnie ... gekyk nie ...
- **Die roman eindig met die woorde van Antie Grootmeisie waar sy hom op sy geboortenaam noem,** want Map het karakterontwikkeling ondergaan en hy is nou nie meer Map die bendeleier nie./Bl. 62: Johnnie ...

Die kandidaat verskaf 'n gepaste slot, bv.

- Die karakterontwikkeling van Johnnie na Map en terug na Johnnie is nou afgesluit. Map se karakter het ontwikkel, want die gemeenskap wat in spanning geleef het oor wat sal gebeur as Map vrygelaat word, se verwagting het nie realiseer nie. Map het karakterontwikkeling ondergaan, hy is nie meer dieselfde gevreesde bendeleier en -lid nie. Hy het tot insig gekom en is 'n ronde karakter.

**25**

**OF**

## VRAAG 13: KONTEKSTUELE VRAAG *Krismis van Map Jacobs* – Adam Small

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 13.1 | Na die onsekerheid oor wat om te verwag na Map se vrylating./<br>Na hulle vrees vir Map se vrylating./<br>Na Map se reaksie as hy van die "crush" op Blanchie hoor. √ | 1 |
| 13.2 | Tommy ken al die skinderstories, maar hy het nie geweet dat Richie 'n gevoel vir Blanchie het nie. √ | 1 |
| 13.3 | Jy kan die modelbase nie vertrou nie.<br>Nadat jy gebruik is, word jy weggegooi.<br>Beloftes is goedkoop om te maak.<br>Blanchie het nie daar gehoort nie. √√<br><br>*Die kandidate kan enige TWEE redes aanbied vir TWEE punte.*<br><br>Cavernelis word betrek omdat hy beskuldig word dat dit sy skuld is./sy vriende oor die kleurgrens kan nie vertrou word nie./hy verblind is in sy strewe om uit die township te kom. √<br><br>Die huisgesin is verneder./Sy selfdood laat die gesin in groter ellende./Die gesin kan nie uit die township verhuis nie. √ | 2<br><br><br>1<br><br>1 |
| 13.4 | Blanchie is nou bekommerd oor wat met Cavernelis gebeur het nadat hy weggestap het √ terwyl sy aanvanklik vir Cavernelis geskree het dat alles sy skuld was. √<br><br>*Die kandidaat verdien 2 of 0 punte.* | 2 |

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
2014 -11- 21
PRIVATE BAG X 110
PRETORIA 0001
PUBLIC EXAMINATIONS

| | | |
|---|---|---|
| 13.5 | Blanchie het hom op skool as Johnnie leer ken./Sy het bly glo dat hy die onskuldige seun is wat sy op skool leer ken het./Sy het geweier om sy naam van Map te aanvaar. √<br><br>Nee.<br>Map is nie meer die onskuldige/liefdevolle skoolseun wat sy geken het nie, hy is die bendeleier. √<br>Map verwys na homself as Map, met die tatoeëermerke wat hy gekry het as bewys van sy bendedade, hy is nie onskuldig nie. √<br><br>OF<br><br>Ja.<br>Map het verander en hy is nou weer soos die ou Johnnie.<br>Map noem homself Johnnie as hy met Antie Grootmeisie praat.<br>Dit suggereer dat hulle hul aanvanklike verhouding hervat het.√√<br><br>*Die kandidaat bied TWEE motiverings aan vir EEN punt elk.* | 1<br><br><br><br><br>2 |
| 13.6 | Hy het voor die trein ingery/selfdood gepleeg./Cavernelis het sy aandeel besef. √<br><br>Dit was die besluit van 'n swakkeling, want nou laat hy sy gesin in die steek./<br>Cavernelis het nie regtig ontsnap nie, want hy is nie vry van die Vlakte nie./<br>Cavernelis laat sy gesin in die steek, want hulle sal nou glad nie kan ontsnap nie./<br>Cavernelis se gesin is nou verneder, √ want hulle is gespot oor die droom wat nie realiseer het nie./<br>Cavernelis moes verantwoordelikheid aanvaar het, √ want hy moes Blanchie beskerm het. √<br><br>*Die kandidaat gee sy/haar eie siening en gemotiveerde keuse binne die konteks van die drama.* | 1<br><br><br><br><br>2 |
| 13.7 | Verwikkeling/ontwikkeling √ | 1 |
| 13.8 | Hy is geldgierig.<br>Hy gebruik mense.<br>Hy is obsessief. √√<br><br>*Die kandidaat bied TWEE antwoorde aan vir EN punt elk.* | 2 |
| 13.9 | Uiterlike konflik. √<br><br>Nadat Maud vir Cavernelis ingeroep het, het Cyril-hulle weggestap. √ | 1<br><br>1 |
| 13.10 | Hy werk by die poloniefabriek. √<br>Hy verkoop *soft goods*. √<br><br>Hulle het konflik./<br>Hy bestee min tyd by die huis wat tot konflik lei./<br>Hy verwaarloos vir Maud./<br>Sy voel afgeskeep. √ | 2<br><br><br><br>1 |

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
2014 -11- 21
PRIVATE BAG X 110
PRETORIA 0001
PUBLIC EXAMINATIONS

| | | |
|---|---|---|
| 13.11 | Ja.<br>Cavernelis laat toe dat Blanchie misbruik word wat nie 'n *decent* optrede van 'n pa is nie. √<br><br>*Nee kan nie as korrek aanvaar word nie.* | 1 |
| 13.12 | Gevangenisskap/vasgevangenheid/uitgelewerdheid.√ | 1 |
| 13.13 | Dit beklemtoon wie die *onse types* is waarvan Cyril praat/dat die Cavernelisse nooit deel van die gemeenskap is nie. √ | 1 |
| | | **25** |

**OF**

**VRAAG 14: LITERÊRE OPSTEL *Mis* – Reza de Wet**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte **ASSESSERINGSRUBRIEK VIR DIE LITERÊRE OPSTEL: ROMAN EN DRAMA** nagesien.

**LET WEL:**

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.
- Die kandidaat hoef nie aanhalings te gee nie, maar moet wel uit die teks motiveer.

**KODE**

**Mi** – Miem
**Me** – Meisie
**G** – Gertie
**K** – Konstabel

**I** – Inhoud
**S** – Struktuur

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
2014 -11- 21
PRIVATE BAG X 110
PRETORIA 0001
PUBLIC EXAMINATIONS

Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan, bv.

- Onder die invloed van Konstabel, wat in 'n hofnar verander, ontdek Miem en Gertie weer hul vrouwees en word Meisie bevry.

- **Miem funksioneer nou al sewe jaar as hoof van die huis**, want haar man het opgetrek solder toe./Bl. 31: Vir sewe jaar het ek hom nog nie met 'n oog gesien nie.
- **Sy onderdruk enige hunkering na vryheid**, want sy moet nou die beskermer van Meisie se maagdelikheid wees./Bl. 5: Ek sal die hele nag by jou waak./Bl. 8 : Ek sal jou beskerm teen alle gevaar.
- **Miem sien alles wat sensueel is as boos van aard**, want sy moet nou Meisie se veiligheid verseker./Bl. 7: Dit is 'n euwel! Het jy geen skaamte nie?
- **Miem het egter ook 'n versugting na seksuele vryheid**, want sy bieg teenoor Konstabel dat sy teenwoordigheid gevoelens in haar wakker maak./Bl. 48: ... dit maak weer dinge in my wakker. Ja. Selfs 'n sieklike vrou van my jare.
- **Miem het 'n hunkering na die sensuele en magiese**, want sy vra Gertie tog te geredelik uit oor die sirkus./Bl. 11: Op pad hierheen het jy seker die tent net buite die dorp gesien? ... Nou vertel ons van die arme skepsels, Gertie.

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION

- **Reeds vroeg met die koms van die Konstabel merk die gehoor op dat ook Miem in 'n mate aangetrokke voel tot Konstabel**, want sy trek haar borstrok uit./Bl. 24: My borstrok was net 'n bietjie styf./Bl. 48: dit maak weer dinge in my wakker.
- **Miem besef dat daar 'n uitkoms vir haar omstandighede kan wees en probeer Meisie aan Konstabel afsmeer**, want as hulle sou trou sal Gabriël afkom en by haar wees./Bl. 25: 'n Fees vir die oog ... Meisie sal jou geselskap hou, Konstabel/Bl. 40: As sy trou sal hy afkom.
- **Miem raak weer terdeë van haar vrouwees bewus,** want sy vertel aan Konstabel dat sy Gabriël mis./Bl. 31: Dit is vir my 'n groot beproewing.
- **Gertie besweer alle liggaamlike drange**, want sy oefen uitermatig./Bl. 40: En dis waarin ek glo. ... My hande is nooit koud nie. Tot my tone is warm.
- **Gertie is dadelik tot Konstabel aangetrokke**, want sy sien sy uiterlike dadelik raak en flankeer met hom./Bl. 15: ... hy het 'n goeie houding. Regop rug. Skouers terug./Bl. 23: (koketterige laggie) U bedoel van trou en perdekoop?
- **Gertie is duidelik bewus van haar vrouwees,** want sy noem aan Konstabel dat sy 'n oujongnooi sonder kind of kraai is, sy is dus beskikbaar./Bl. 23: Ek is nou wel 'n oujongnooi. Het geen kind of kraai nie.
- **Gertie stel duidelik belang in Konstabel**, want sy vra hom uit oor sy huwelikstatus./ raak jaloers op Meisie wat Konstabel se aandag trek./probeer om Meisie en Miem weg te kry sodat sy en Konstabel alleen kan wees./Bl. 23: Is daar darem iemand spesiaals./Bl. 40: Hy is veels te oud vir haar./Bl. 42: Is jy moeg, ...
- **Hy voed Gertie se behoefte om as vrou raakgesien te word**, want Konstabel trek 'n ooreenkoms tussen hom en Gertie./Bl. 23: Ek en die juffrou het gevind ons is albei ewe versigtig ... en kieskeurig.
- **Gertie het 'n sensuele kant wat wag om na vore te kom**, want Konstabel manipuleer haar om 'n sensuele dans uit te voer./Bl. 45: Terwyl Konstabel verder praat, voer Gertie dromerig die bewegings uit wat hy beskryf.
- **Gertie besef sy is vrou**, want sy sien haarself as 'n spieëlbeeld van tant Hannie./Bl. 44: ... na wie ek lyk. Tant Hannie sonder twyfel.
- **Konstabel laat Gertie haar vrouwees ontdek**, want sy raak iemand wat sy net in haar drome kan wees./Bl. 45: (sag en byna smekend) Nog, as u wil.
- **Konstabel kom Miem se huis maklik binne**, want met sy uniform boesem hy vertroue en valse gerustheid in./Bl. 15: So 'n man kan 'n mens vertrou.
- **Hy kry dit dan ook reg om Meisie haar skugterheid te laat verloor**, omdat sy konstabel-voorkoms haar gemaklik laat voel./Bl.18: Meisie hou Konstabel onderlangs dop.
- **Meisie raak weerloos teenoor Konstabel**, want sy voorkoms en sy sjarme laat haar hom van haar nuuskierigheid oor die sirkus en die gebrek aan manlike geselskap vertel./Bl. 26: Ek is nie gewoond aan mense nie./Laas jaar het Danie Venter kom kuier./Bl. 28: Nou goed, ek sal vir u vertel ...
- **Miem aanvaar dat hy Meisie aanraak**, want hy is skadeloos en so begin hy Meisie reeds verlei./Bl. 37: Maar natuurlik, Konstabel. Met graagte .../Bl. 38: Meisie maak haar oë toe en gooi haar kop effens agteroor.
- **Miem laat die twee saam buite gaan wat Konstabel die geleentheid gee om sy aanvoerwerk vir die bevryding te doen**, want as Konstabel verwag sy dat hy Meisie sal beskerm./Bl. 39: Dit is gaaf van u, Konstabel en Die tweetjies kom nogal goed klaar.
- **Meisie sal aangetrokke tot die hofnar voel**, want die kleure en klere sluit aan by die sirkus wat vir haar 'n bekoring inhou. Hy verander nou na 'n toweragtige, magiese figuur./Bl. 28: Ek kyk na die groot tent en al die liggies!
- **Meisie voel gevlei/voel asof sy iemand is**, want Konstabel noem haar op haar naam./Bl. 27: Jy't 'n mooi naam, Margareta.
- **Meisie raak 'n dansende marionet**, want die hofnar lei haar met die sirkusmusiek by die agterdeur uit. So bevry hy haar van haar neerdrukkende en benouende omstandighede./Bl.51: Konstabel maak die gaasdeur oop en sit 'n klip daarvoor./Bl.52: ... en wys haar met 'n sjarmante handgebaar by die deur uit.

| |
|---|
| • **Konstabel het van 'n konstabel na Hofnar/towenaar verander** en dit stel hom in staat om Meisie te bevry, want Meisie is gefassineer deur die sirkus/magiese./Bl. 49: *Hy trek sy baadjie stadig uit. Sy bolyf is kaal. Met vinnige, flambojante bewegings wat herinner aan die van 'n towenaar wat 'n indrukwekkende toertjie uitvoer, draai hy die binnekant van die baadjie buite toe – die twee kante verskil heeltemal. Dit is die baadjie van 'n hofnar of 'n pierrot en is gemaak van blink sy.*<br><br>Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan, bv.<br>• Konstabel wat die toweragtige nar word, lei Meisie tot bevryding en laat Miem en Gertie kortstondig bewus raak van hul vrouwees. |

**25**

**OF**

## VRAAG 15: *Mis* – Reza de Wet

### KONTEKSTUELE VRAAG

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 15.1 | Afwagting/opwinding √<br><br>Die gehoor/leser weet nie watter invloed die sirkus op die dorp gaan hê nie.√<br><br>OF<br><br>Onheil/angstigheid √<br><br>Reeds van die begin af vermoed die leser/gehoor dus dat 31 Augustus 'n onheilsnag is. √<br><br>OF<br><br>'n Eksotiese stemming. √<br><br>Dit beklemtoon reeds vanaf die begin die kontras tussen die eksotiese buitewêreld en die armoedige wêreld van Miem en Meisie. √ | 1<br><br>1 |
| 15.2 | Daar kom nie ander jongmense kuier nie.<br>Die sakke stink en lok vlieë in hulle huis.<br>Sy werk die hele tyd soos 'n slaaf. √√<br><br>Sy plant rose om die stank en vlieë te verdryf./<br>Sy loop saam met Konstabel weg./<br>Sy gaan sirkus toe. √ | 2<br><br>1 |
| 15.3.1 | Dit skep dadelik afwagting by die leser/gehoor. √<br>Indien die gevangeneskap nie self opgelê was nie, sou hy nou ontsnap het. √ | 2 |

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
2014 -11- 21
PRIVATE BAG X 110
PRETORIA 0001

| | | |
|---|---|---|
| 15.3.2 | Dit speel af in 1936./Depressiejare √<br><br>Gabriël se onttrekking is nie geregverdig nie, want in daardie tyd was mans die primêre versorger.<br>Hy kon net soos Miem en Meisie sakke mis probeer verkoop het.<br>Hy ontneem Miem van 'n man en Meisie van 'n pa.<br>Hy kan hulle nie teen die onheil beskerm nie.<br>In die Calvinistiese ingesteldheid wat in die dertigerjare geheers het, was die man die broodwinner en nou is Gabriel dit nie.√√√<br><br>*Die kandidaat bied enige drie redes in sy/haar antwoord aan.* | 1<br><br><br><br><br><br><br><br><br>3 |
| 15.4 | Sy laat haar voet op die stoel rus./Sy staan moeilik op. √ | 1 |
| 15.5 | Sy is dominerend/matriargaal/perfeksionisties/presies/wil graag haar sin hê.√<br><br>Miem wil Meisie aan die Konstabel afsmeer/sonder dat Meisie 'n keuse in die saak het. √ | <br><br><br>2 |
| 15.6 | *Tweetjies* impliseer dat Miem die moontlikheid van 'n verhouding tussen Meisie en Konstabel goedkeur. √ | 1 |
| 15.7 | Een van die sirkusmense, die Konstabel, is in Miem se huis en sy gril nie vir hom nie/moedig sy kontak met Meisie aan/wil vir Meisie aan die Konstabel afsmeer./<br>Miem gril vir die sirkus terwyl sy later vir Gertie oor die sirkus uitvra./<br>Miem gril vir die sirkus, maar nie vir die mis waarmee sy werk nie.√ | 1 |
| 15.8 | Hierdie gedrag is aanvaarbaar, want ook sy word deur Miem met 'n ysterhand regeer./Miem veroorsaak vrees en daarom moet sy voorgee. √<br><br>Ek sou ook maar gemaak het of ek nie van die sirkus hou nie, √<br>want ek sou my nie Miem se gramskap op die hals wou haal nie.√/<br><br>OF<br><br>Ek sou vir Miem van die begin af die waarheid vertel het, √<br>aangesien ek nie rede het om te jok nie. √<br><br>*Die kandidaat kan sy/haar eie mening binne konteks as antwoord aanbied.* | 1<br><br>1<br>1 |
| 15.9 | Sy wil sien of Konstabel by Meisie aanlê/is jaloers as Konstabel by Meisie aanlê. √ | 1 |
| 15.10 | Verwikkeling/Ontwikkeling √<br><br>Dit is die gedeelte waar die uitwerking van Konstabel op elke vrou beskryf word./Dit is na die motoriese moment waar die verhaal begin, maar voor die klimaks waar Meisie verdwyn. √<br><br>Daar kan nie 'n ontknoping wees nie, want die probleem rondom die meisies se verdwyning is nog nie opgelos nie./die drama is spannend/boeiend/die leser maak sy eie afleiding. √ | 1<br><br><br><br>1<br><br><br><br>1 |

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
2014 -11- 21
PRIVATE BAG X 110

| | | |
|---|---|---|
| 15.11 | Meisie probeer haar op klein wyses bevry soos bv. Meisie dra nie 'n vingerhoed nie/die ietwat onwillige opstaan om na die mandjie op die tafel te gaan. √<br><br>Gertie gaan kyk weer na die sirkus en vind in 'n mate bevryding daarin. √ | 1<br><br>1 |
| | | **25** |

**TOTAAL AFDELING C: 25**
**GROOTTOTAAL: 80**

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
2014 -11- 21
PRIVATE BAG X 110
PRETORIA 0001
PUBLIC EXAMINATIONS

## AFDELING A: ASSESSERINGSRUBRIEK VIR LITERÊRE OPSTEL – HUISTAAL: POËSIE [10 PUNTE]

| Kriteria | Uitsonderlik | Knap | Gemiddeld | Elementêr | Onvoldoende |
|---|---|---|---|---|---|
| INHOUD | 6–7 | 5 | 4 | 3 | 0–2 |
| Interpretasie van onderwerp<br>Diepte van argument, verantwoordbaarheid en insig in teks<br><br>7 PUNTE | Diepgaande interpretasie van onderwerp<br>-Reeks treffende argumente wat behoorlik uit die gedig gerugsteun is<br>-Uitstekende begrip van die genre en gedig | -Toon begrip van die onderwerp en het die onderwerp goed geïnterpreteer<br>-Respons redelik gedetailleerd<br>-Enkele deeglike argumente gegee, maar nie almal ewe goed gemotiveer nie<br>-Begrip van genre en gedig duidelik | -Redelike interpretasie van die onderwerp.<br>-Enkele goeie punte ter ondersteuning van die onderwerp<br>-Enkele argument word ondersteun, maar bewyse nie altyd oortuigend nie<br>-Basiese begrip van genre en gedig | -Onbevredigende interpretasie van die onderwerp<br>-Byna geen punte wat die onderwerp ondersteun nie<br>-Onvoldoende begrip van genre en gedig | -Geen begrip van die onderwerp nie<br>-Geen verwysing na die gedig nie<br>-Leerder het nie die genre en gedig onder die knie nie |
| STRUKTUUR & TAAL | 3 | 2 | 1 | 1 | 0 |
| Struktuur, logiese vloei en aanbieding<br>Taalgebruik, toon en styl gebruik in opstel<br><br>3 PUNTE | -Samehangende struktuur<br>-Argumente goed gestruktureer en daar is duidelike ontwikkeling<br>-Taalgebruik, toon en styl is volwasse, dit beïndruk en is korrek<br>-Grammatika, spelling en punktuasie feitlik foutvry | -Duidelike struktuur en logiese vloei van argument<br>-Vloei van argument kan gevolg word<br>-Taalgebruik, toon en styl is grootliks korrek | -Enkele bewyse van struktuur<br>-'n Goed gestruktureerde logiese vloei en samehang ontbreek in die opstel<br>-Geringe taalfoute; toon en styl meestal gepas | -Struktuur toon tekens van swak beplanning<br>-Argumente nie logies gerangskik nie<br>-Taalfoute beduidend<br>-Toon en styl nie geskik nie | -Struktuur swak<br>-Ernstige taalfoute<br>-Foutiewe styl |
| VERSPREIDING VAN PUNTE | 9–10 | 7 | 5 | 4 | 0–2 |

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
2014 -11- 21
PRIVATE BAG X110
PRETORIA 0001
PUBLIC EXAMINATIONS

## AFDELING B EN C: ASSESSERINGSRUBRIEK VIR LITERÊRE OPSTEL – HUISTAAL: ROMAN EN DRAMA [25 PUNTE]

| Kriteria | Uitsonderlik | Knap | Gemiddeld | Elementêr | Onvoldoende |
|---|---|---|---|---|---|
| INHOUD | 12–15 | 9–11 | 6–8 | 4–5 | 0–3 |
| Interpretasie van onderwerp<br>Diepte van argument, verantwoordbaarheid en insig in teks<br><br>15 PUNTE | -Uitsonderlike respons: 14–15<br>Uitstekende respons: 12–13<br>-Diepgaande interpretasie van onderwerp<br>-Reeks treffende argumente wat behoorlik uit die roman/drama gerugsteun is<br>-Uitstekende begrip van die genre en teks | -Toon begrip van die onderwerp en het die onderwerp goed geïnterpreteer<br>-Respons redelik gedetailleerd<br>-Enkele deeglike argumente gegee, maar nie almal ewe goed gemotiveer nie<br>-Begrip van genre en teks duidelik | -Redelike interpretasie van die onderwerp; nie alle aspekte in detail ondersoek nie<br>-Enkele goeie punte ter ondersteuning van die onderwerp<br>-Enkele argument word ondersteun, maar bewyse nie altyd oortuigend nie<br>-Basiese begrip van genre en teks | -Onbevredigende interpretasie van die onderwerp: byna geen aspekte in detail ondersoek nie<br>-Min punte wat die onderwerp ondersteun<br>-Baie min relevante argumente<br>-Weinig begrip van genre en teks | -Geen begrip van die onderwerp nie<br>-Swak poging om die vraag te beantwoord<br>-Argumente oortuig nie<br>-Leerder het nie die genre en teks onder die knie nie |
| STRUKTUUR & TAAL | 8–10 | 6–7 | 4–5 | 2–3 | 0–1 |
| Struktuur, logiese vloei en aanbieding<br>Taalgebruik, toon en styl gebruik in opstel<br><br>10 PUNTE | -Samehangende struktuur<br>-Uitstekende inleiding en slot<br>-Argumente goed gestruktureer en daar is duidelike ontwikkeling<br>-Taalgebruik, toon en styl is volwasse, dit beïndruk en is korrek | -Duidelike struktuur<br>-Logiese vloei van argument<br>-Inleiding, slot en ander paragrawe samehangend georganiseer<br>-Taalgebruik, toon en styl is grootliks korrek | -Enkele bewyse van struktuur<br>-Logika en samehang is duidelik, maar met foute<br>-Enkele taalfoute; toon en styl meestal gepas<br>-Paragrafering meestal korrek | -Struktuur toon tekens van swak beplanning<br>-Argumente nie logies gerangskik nie<br>-Taalfoute beduidend<br>-Toon en styl nie geskik nie<br>-Paragrafering foutief | -Gebrek aan beplande struktuur belemmer vloei van argumente<br>-Taalfoute en foutiewe styl laat hierdie skryfstuk misluk<br>-Styl en toon nie geskik nie<br>-Paragrafering foutief |
| VERSPREIDING VAN PUNTE | 20–25 | 15–19 | 10–14 | 5–9 | 0–4 |

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
2014 -11- 21
PRIVATE BAG X 110
PRETORIA 0001
PUBLIC EXAMINATIONS